Verwysing: 20190115-248
Lêerno.: 3/1/3/1
Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0002/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders en Prinsipale van alle openbare skole

Kort opsomming: *Voorsiening van 2019 diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel aan gewone openbare skole.*

Onderwerp: Voorsiening van 2019 diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel aan gewone openbare skole

1. Die hersiening van diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel by alle openbare skole vir die tydperk 01 April 2019 tot 31 Maart 2020 was in ooreenstemming met die goedgekeurde norme en standaarde uitgevoer.

2. Die hersiening hierbo genoem, was volgens die volgende beginsels uitgevoer:
   a) Handhawing van stabiliteit by skole vir 2019.
   b) Bepaling van die finansiële impak van meer staatsdiensondersteuningspersoneeltoewysings in ooreenstemming met begrotingsvoorsiening vir die 2019/20 mediumtermyn uitgaweraamwerk.
   c) Die rasionalisering van die toewysing van staatsdiensondersteuningspersoneel aan skole wat leerders verloor het, wat vereis dat die staatsdiensondersteuningspersoneeltoewysings met die goedgekeurde norme en standaarde in ooreenstemming gebring word.

3. Gegewe die huidige fiskale uitdagings ten opsigte van die vergoeding van werknemers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se begroting, het die Hoof van Onderwys in gevalle waar daar 'n groei in leerdergetalle was, goedkeuring verleen vir die toewysing van staatsdiensondersteuningspersoneelposte, slegs aan spesifieke geenskoolgeldskole en deur 'n pro-arm benadering toe te pas. Gegewe die huidige fiskale uitdagings, kan die volle omvang van die norme en standaarde vir ondersteuningspersoneel waarvoor skole kwalifiseer ingevolge Omsendbrief 0025/2011, gedateer 11 Oktober 2011, nie toegewys word nie.

4. 'n Hersiening van koshuistoekennings vir die tydperk 01 April 2019 tot 31 Maart 2020 sal uitgevoer word, soos gebaseer op die tiende skooldaginskrywing. Dit sal aan skole óp of vóór 28 Februarie 2019 vrygestel word.

5. Skole wat moontlik poste kan verloor weens leerderafnames, sal aangepaste diensstaatondersteuningstoewysings vir die tydperk 01 April 2019 tot 31 Maart 2020 ontvang.

6. Gewone openbare skole wat moontlik staatsdiensondersteuningspersoneelposte op 01 April 2019 kan verloor en kontrakwerknemers in die betrokke poste het, mag nie die kontrakte van die betrokke werknemers verder as 31 Maart 2019 verleng nie. Prinsipale moet kontrakwerknemers nie later nie as 31 Januarie 2019 in kennis stel dat hul kontrakte weens die afskaffing van poste nie verder as 31 Maart 2019 verleng sal word nie.

7. Gewone openbare skole wat staatsdiensondersteuningspersoneel op 01 April 2019 kan verloor en permanente werknemers in die betrokke poste het, sal 'n botalligheidsverklaringsproses, soortgelyk aan dié wat vir opvoeders gevolg word, moet deurgaan. Alle personeel wat botallig verklaar word, sal by vakante poste by ander skole gepas en daarin geplaas word. Die pas- en plaasproses sal deur distrikskantore bestuur word. Alle botallige werknemers wat nie gepas en geplaas kan word nie, sal sonder veranderinge aan hul diensvoorwaardes by hul skole bly.

8. Indien permanente poste vakant sou word, sal botallige werknemers voorkeur geniet by die pas en plaas in sodanige poste voordat die vul van hierdie poste op 'n kontrakbasis goedgekeur word.

9. Slegs in die geval waar 'n gewone openbare en/of spesiale openbare skool binne die goedgekeurde norme en standaarde vir 'n addisionele staatsdiensondersteuningspersoneelpos(te) kwalifiseer, en 'n botallige staatsdienswerknemer(s) het wat gewillig is om by die skool geplaas te word, sal die WKOD die skep van 'n staatsdiensondersteuningspersoneelpos goedkeur om die botallige staatsdienswerknemer(s) te absorbeer.

10. Die 2019-diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel vir openbare skole sal op 25 Januarie 2019 onder "Administration" op SOBIS gepubliseer word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-01-25